**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE
**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

30c Woensdag 17 September 1980 WINDHOEK Wednesday 17 September 1980 No. 4272

## INHOUD:

*Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:**


| | | |
|---|---|---|
| No. AG. 120 | Intrekking van Heffing op Ingevoerde Kaas en Proseskaas | 2 |
| No. AG. 121 | Intrekking van Heffing op Plaasbotter | 2 |
| No. AG. 122 | Intrekking van Heffing op Fabrieksbotter | 2 |
| No. AG. 123 | Intrekking van Heffing op Fabriekskaas | 3 |
| No. AG. 124 | Intrekking van Heffing op Varsmelk in Windhoek, Otjiwarongo, Grootfontein en Gobabis | 3 |
| No. AG. 125 | Intrekking van Heffing op Varsmelk in Swakopmund | 4 |
| No. AG. 126 | Intrekking van Heffing op Varsmelk wat vanaf 'n Varsmelkverwerker in Walvisbaai deur 'n Melkhandelaar in Swakopmund, die Buitestedelike Gebiede Hentiesbaai en Wlotzkas Baken en die Weskus Toeriste-ontspanningsgebied Aangekoop word. | 4 |
| No. AG. 127 | Munisipaliteit van Karasburg: Wysiging van Inboorlinglokasieregulasies | 5 |
| No. AG. 128 | Bekendmaking van 'n Voorstel dat 'n Gedeelte van Hoofpad 15, Seksie 1 verlê word: Distrik Windhoek | 5 |
| No. AG. 129 | Sluiting van 'n Gedeelte van Plaaspad 2308: Distrik Omaruru | 6 |


## CONTENTS:

*Page*

**GOVERNMENT NOTICES:**


| | | |
|---|---|---|
| No. AG. 120 | Withdrawal of Levy on Imported Cheese and Process Cheese | 2 |
| No. AG. 121 | Withdrawal of Levy on Farm Butter | 2 |
| No. AG. 122 | Withdrawal of Levy on Creamery Butter | 2 |
| No. AG. 123 | Withdrawal of Levy on Factory Cheese | 3 |
| No. AG. 124 | Withdrawal of Levy on Fresh Milk in Windhoek, Otjiwarongo, Grootfontein and Gobabis | 3 |
| No. AG. 125 | Withdrawal of Levy on Fresh Milk in Swakopmund | 4 |
| No. AG. 126 | Withdrawal of Levy on Fresh Milk Purchased from a Fresh Milk Processor in Walvis Bay by a Milk Trader in Swakopmund, the Peri-Urban Areas of Henties Bay and Wlotzkas Baken and the National West Coast Tourist Recreation Area | 4 |
| No. AG. 127 | Municipality of Karasburg: Amendment of Location Regulations | 5 |
| No. AG. 128 | Notification of a Proposal that a Portion of Trunk Road 15, Section 1 be Deviated: District of Windhoek | 5 |
| No. AG. 129 | Closing of a Portion of Farm Road 2308: District of Omaruru | 6 |

# Goewermentskennisgewings

kantoor van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 120 1980

INTREKKING VAN HEFFING OP INGEVOERDE KAAS EN PROSESKAAS

Ingevolge die bepalings van artikel 11(2), saamgelees met artikel 5A, van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid, 1962 (Ordonnansie 29 van 1962), word dit hierby bekend gemaak dat die Administrateur-generaal die heffing op kaas en proseskaas wat in Suidwes-Afrika ingevoer word vanaf enige plek buiten die Republiek van Suid-Afrika wat deur die Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid kragtens artikel 10(d) van genoemde Ordonnansie opgelê en by Goewermentskennisgewing R.1652 van 2 Oktober 1970 gepubliseer is, met ingang 1 September 1980, ingetrek het en genoemde kennisgewing herroep het.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 121 1980

INTREKKING VAN HEFFING OP PLAASBOTTER

Ingevolge die bepalings van artikel 11(2), saamgelees met artikel 5A, van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid, 1962 (Ordonnansie 29 van 1962), word dit hierby bekend gemaak dat die Administrateur-generaal die heffing op plaasbotter wat deur die Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid kragtens artikel 10(d) van genoemde Ordonnansie opgelê en by Goewermentskennisgewing R.1123 van 28 Junie 1974 gepubliseer is, met ingang 1 Junie 1980, ingetrek het en genoemde kennisgewing herroep het.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 122 1980

INTREKKING VAN HEFFING OP FABRIEKSBOTTER

Ingevolge die bepalings van artikel 11(2), saamgelees met artikel 5A, van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid, 1962 (Ordonnansie 29 van 1962), word dit hierby bekend gemaak —

# Government Notices

office of the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 120 1980

WITHDRAWAL OF LEVY ON IMPORTED CHEESE AND PROCESS CHEESE

In terms of the provisions of section 11(2), read with section 5A, of the Dairy Industry Control Ordinance, 1962 (Ordinance 29 of 1962), it is hereby made known that the Administrator-General has with effect from 1 September 1980, withdrawn the levy on cheese and process cheese imported into South West Africa from any place other than the Republic of South Africa imposed by the Dairy Industry Control Board under section 10(d) of the said Ordinance and published by Government Notice R.1652 of 2 October 1970, and repealed the said notice.

DIRECTORATE OF AGRICULTURE AND FORESTRY

No. AG. 121 1980

WITHDRAWAL OF LEVY ON FARM BUTTER

In terms of the provisions of section 11(2), read with section 5A, of the Dairy Industry Control Ordinance, 1962 (Ordinance 29 of 1962), it is hereby made known that the Administrator-General has with effect from 1 June 1980, withdrawn the levy of farm butter imposed by the Dairy Industry Control Board under section 10(d) of the said Ordinance and published by Government Notice R.1123 of 28 June 1974, and repealed the said notice.

DIRECTORATE OF AGRICULTURE AND FORESTRY

No. AG. 122 1980

WITHDRAWAL OF LEVY ON CREAMERY BUTTER

In terms of the provisions of section 11(2), read with section 5A, of the Dairy Industry Control Ordinance, 1962 (Ordinance 29 of 1962), it is hereby made known —

(a) dat die Administrateur-generaal die heffing op fabrieksbotter wat deur die Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid kragtens artikel 10(d) van genoemde Ordonnansie opgelê en by Goewermentskennisgewing R.1661 van 2 Oktober 1970 gepubliseer is, met ingang van 1 Junie 1980 ingetrek het en genoemde kennisgewing herroep het; en

(b) dat geen heffing, so opgelê, betaalbaar is nie ten opsigte van die totale hoeveelheid van bedoelde fabrieksbotter wat vanaf 1 Junie 1980 vervaardig is of vervaardig word.

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 123 1980

### INTREKKING VAN HEFFING OP FABRIEKSKAAS

Ingevolge die bepalings van artikel 11(2), saamgelees met artikel 5A, van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid, 1962 (Ordonnansie 29 van 1962), word dit hierby bekend gemaak —

(a) dat die Administrateur-generaal die heffing op fabriekskaas wat deur die Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid kragtens artikel 10(d) van genoemde Ordonnansie opgelê en by Goewermentskennisgewing R.1658 van 2 Oktober 1970 gepubliseer is, met ingang van 1 Junie 1980 ingetrek het en genoemde kennisgewing herroep het; en

(b) dat geen heffing, so opgelê, betaalbaar is nie ten opsigte van die totale hoeveelheid van bedoelde fabriekskaas wat vanaf 1 Junie 1980 vervaardig is of vervaardig word.

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 124 1980

### INTREKKING VAN HEFFING OP VARSMELK IN WINDHOEK, OTJIWARONGO, GROOTFONTEIN EN GOBABIS

Ingevolge die bepalings van artikel 11(2), saamgelees met artikel 5A, van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid, 1962 (Ordonnansie 29 van 1962), word dit hierby bekend gemaak —

(a) dat die Administrateur-generaal die heffing op varsmelk in Windhoek, Otjiwarongo, Grootfontein en Gobabis wat deur die Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid kragtens artikel 10(d)

(a) that the Administrator-General has with effect from 1 June 1980, withdrawn the levy on creamery butter imposed by the Dairy Industry Control Board under section 10(d) of the said Ordinance and published by Government Notice R.1661 of 2 October 1970, and repealed the said notice; and

(b) that no levy, so imposed, shall be payable in respect of the total quantity of the said creamery butter manufactured or to be manufactured from 1 June 1980.

## DIRECTORATE OF AGRICULTURE AND FORESTRY

No. AG. 123 1980

### WITHDRAWAL OF LEVY ON FACTORY CHEESE

In terms of the provisions of section 11(2), read with section 5A, of the Dairy Industry Control Ordinance, 1962 (Ordinance 29 of 1962), it is hereby made known —

(a) that the Administrator-General has with effect from 1 June 1980, withdrawn the levy on factory cheese imposed by the Dairy Industry Control Board under section 10(d) of the said Ordinance and published by Government Notice R.1658 of 2 October 1970, and repealed the said notice; and

(b) that no levy, so imposed, shall be payable in respect of the total quantity of the said factory cheese manufactured or to be manufactured from 1 June 1980.

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 124 1980

### WITHDRAWAL OF LEVY ON FRESH MILK IN WINDHOEK, OTJIWARONGO, GROOTFONTEIN AND GOBABIS

In terms of the provisions of section 11(2), read with section 5A, of the Dairy Industry Control Ordinance, 1962 (Ordinance 29 of 1962), it is hereby made known —

(a) that the Administrator-General has with effect from 1 June 1980, withdrawn the levy on fresh milk in Windhoek, Otjiwarongo, Grootfontein and Gobabis imposed by the Dairy Industry

van genoemde Ordonnansie opgelê en by Goewermentskennisgewing AG. 44 van 1979 gepubliseer is, met ingang van 1 Junie 1980 ingetrek het en genoemde kennisgewing herroep het; en

(b) dat geen heffing, so opgelê, betaalbaar is nie ten opsigte van die totale hoeveelheid van bedoelde varsmelk wat vanaf 1 Junie 1980 aangekoop is of aangekoop word.

Control Board under section 10(d) of the said Ordinance and published by Government Notice AG. 44 of 1979, and repealed the said notice; and

(b) that no levy, so imposed, shall be payable in respect of the total quantity of the said fresh milk purchased or to be purchased from 1 June 1980.

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 125 1980

### INTREKKING VAN HEFFING OP VARSMELK IN SWAKOPMUND

Ingevolge die bepalings van artikel 11(2) saamgelees met artikel 5A, van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid, 1962 (Ordonnansie 29 van 1962), word dit hierby bekend gemaak —

(a) dat die Administrateur-generaal die heffing op varsmelk in Swakopmund wat deur die Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid kragtens artikel 10(d) van genoemde Ordonnansie opgelê en by Goewermentskennisgewing AG. 47 van 1979 gepubliseer is, met ingang van 1 Junie 1980 ingetrek het en genoemde kennisgewing herroep het; en

(b) dat geen heffing, so opgelê, betaalbaar is nie ten opsigte van die totale hoeveelheid van bedoelde varsmelk wat vanaf 1 Junie 1980 verwerk is of verwerk word.

## DIRECTORATE OF AGRICULTURE AND FORESTRY

No. AG. 125 1980

### WITHDRAWAL OF LEVY ON FRESH MILK IN SWAKOPMUND

In terms of the provisions of section 11(2), read with section 5A, of the Dairy Industry Control Ordinance, 1962 (Ordinance 29 of 1962), it is hereby made known —

(a) that the Administrator-General has with effect from 1 June 1980, withdrawn the levy on fresh milk in Swakopmund imposed by the Dairy Industry Control Board under section 10(d) of the said Ordinance and published by Government Notice AG. 47 of 1979, and repealed the said notice; and

(b) that no levy, so imposed, shall be payable in respect of the total quantity of the said fresh milk processed or to be processed from 1 June 1980.

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 126 1980

### INTREKKING VAN HEFFING OP VARSMELK WAT VANAF 'N VARSMELKVERWERKER IN WALVISBAAI DEUR 'N MELKHANDELAAR IN SWAKOPMUND, DIE BUITESTEDELIKE GEBIEDE HENTIESBAAI EN WLOTZKAS BAKEN EN DIE WESKUS TOERISTE-ONTSPANNINGSGEBIED AANGEKOOP WORD

Ingevolge die bepalings van artikel 11(2), saamgelees met artikel 5A, van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid, 1962 (Ordonnansie 29 van 1962), word dit hierby bekend gemaak —

(a) dat die Administrateur-generaal die heffing op varsmelk wat vanaf 'n varsmelkverwerker in Walvisbaai deur 'n melkhandelaar in die

## DIRECTORATE OF AGRICULTURE AND FORESTRY

No. AG. 126 1980

### WITHDRAWAL OF LEVY ON FRESH MILK PURCHASED FROM A FRESH MILK PROCESSOR IN WALVIS BAY BY A MILK TRADER IN SWAKOPMUND, THE PERI-URBAN AREAS OF HENTIES BAY AND WLOTZKAS BAKEN AND THE NATIONAL WEST COAST TOURIST RECREATION AREA

In terms of the provisions of section 11(2), read with section 5A, of the Dairy Industry Control Ordinance, 1962 (Ordinance 29 of 1962), it is hereby made known —

(a) that the Administrator-General has with effect from 1 June 1980, withdrawn the levy on fresh milk purchased from a fresh milk processor in

munisipale gebied van Swakopmund, die buitestedelike gebiede Hentiesbaai en Wlotzkas Baken die Weskus Toeriste-ontspanningsgebied aangekoop is en wat deur die Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid kragtens artikel 10(d) van genoemde Ordonnansie opgelê en by Goewermentskennisgewing AG. 48 van 1979 gepubliseer is, met ingang van 1 Junie 1980 ingetrek het en genoemde kennisgewing herroep het; en

(b) dat geen heffing, so opgelê, betaalbaar is nie ten opsigte van die totale hoeveelheid van bedoelde varsmelk wat vanaf 1 Junie 1980 aangekoop is of aangekoop word.

No. AG. 127 1980

DIREKTORAAT VAN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 32(4) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede, 1951 (Proklamasie 56 van 1951), gelees met artikel 3 van die Wet op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika, 1954 (Wet 56 van 1954), en artikel 2 van die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag, 1977 (Proklamasie AG. 3 van 1977), die wysiging van die Lokasieregulasies wat deur die Munisipaliteit van Karasburg aanvaar is en in die Bylae vervat is, goedgekeur.

BYLAE

MUNISIPALITEIT VAN KARASBURG
WYSIGING VAN LOKASIEREGULASIES

Regulasie 16 van die Lokasieregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 25 van 1 Februarie 1949 word hierby gewysig deur in paragraaf (c) die bedrae "R5,25", "R5,50" en "R6,50" deur onderskeidelik die bedrae "R8,00", "R8,25" en "R10,00" te vervang.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 128 1980

BEKENDMAKING VAN 'N VOORSTEL DAT 'N GEDEELTE VAN HOOFPAD 15, SEKSIE 1 VERLÊ WORD:
DISTRIK WINDHOEK.

Kragtens artikel 20(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Sekretaris van Vervoer voorstel dat 'n gedeelte van hoofpad 15/1 wat beskryf is in Proklamasie 36 van 1953, Proklamasie 32 van 1956, Proklamasie 15 van 1965, Proklamasie 51 van 1973 en Goewermentskennisgewing 176 van 1976 en tot hoof-

Walvis Bay by a milk trader in the municipal area of Swakopmund, the peri-urban areas of Henties Bay and Wlotzkas Baken and the National West Coast Tourist Recreation area imposed by the Dairy Industry Control Board under section 10(d) of the said Ordinance and published by Government Notice AG. 48 of 1979, and repealed the said notice; and

(b) that no levy, so imposed, shall be payable in respect of the total quantity of the said fresh milk purchased or to be purchased from 1 June 1980.

No. AG. 127 1980

DIRECTORATE OF CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT

The Administrator-General has under section 32(4) of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951), read with section 3 of the South West Africa Native Affairs Administration Act, 1954 (Act 56 of 1954), and section 2 of the Executive Powers Transfer Proclamation, 1977 (Proclamation AG. 3 of 1977), approved the amendment of the Location Regulations adopted by the Municipality of Karasburg and set out in the Schedule.

SCHEDULE

MUNICIPALITY OF KARASBURG
AMENDMENT OF LOCATION REGULATIONS

Regulation 16 of the Location Regulations published by Government Notice 25 of 1 February 1949, is hereby amended by the substitution in paragraph (c) for the amounts "R5,25", "R5,50" and "R6,50" of the amounts "R8,00", "R8,25" and "R10,00", respectively.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 128 1980

NOTIFICATION OF A PROPOSAL THAT A PORTION OF TRUNK ROAD 15, SECTION 1 BE DEVIATED:
DISTRICT OF WINDHOEK.

Under Section 20(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Secretary for Transport proposes that a portion of trunk road 15/1 which is described in Proclamation 36 of 1953, Proclamation 32 of 1956, Proclamation 15 of 1965, Proclamation 51 of 1973 and Government Notice 176 of 1976 and declared a trunk

pad verklaar is in Goewermentskennisgewing 285 van 1977 verlê word van die loop daarvan soos beskryf in Bylae I hieronder na die loop soos beskryf in Bylae II hieronder.

'n Sketskaart (nommer P1089) van die betrokke streek waarop die pad waarop die voorstel betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld, gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Windhoek ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde voorstel word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van publikasie hiervan by die Sekretaris van Vervoer, Privaatsak 12005, Ausspannplatz 9000 in te dien.

BYLAE I

GEDEELTE VAN PAD WAT VERLÊ SAL WORD

Van 'n punt (H op sketskaart P1089) op hoofpad 15, seksie 1 op die plaas Autabib-Süd 100 algemeen suidweswaarts oor genoemde plaas tot by 'n punt ($E_2$ op sketskaart P1089) op die gemeenskaplike grens van genoemde plaas en plaas Garib Ost 275; van daar algemeen suidsuidweswaarts oor die plaas Garib-Ost 275 tot op 'n punt (E op sketskaart P1089) op genoemde plaas (H-$E_2$-$E_1$-E op sketskaart P1089).

BYLAE II

ROETE WAARLANGS PAD VERLÊ SAL WORD

Van 'n punt (H op sketskaart P1089) op hoofpad 15, seksie 1 op Autabib-Süd 100 algemeen suidsuidweswaarts oor genoemde plaas tot by 'n punt (G op sketskaart P1089) op die gemeenskaplike grens van genoemde plaas en plaas Garib Ost 275; van daar steeds suidsuidweswaarts oor die plaas Garib Ost 275 tot op 'n punt (E op sketskaart P1089) op genoemde plaas (By Benadering) (H-G-F-E op sketskaart P1089).

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 129 1980

SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 2308:
DISTRIK OMARURU

Ingevolge subartikel (2) van artikel 22 van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat die Administrateur-

road in Government Notice 285 of 1977 be deviated from the course thereof as described in Schedule I hereunder to the course as described in Schedule II hereunder.

A sketch-map (number P1089) of the area concerned and on which the road to which the proposal refers and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned hereunder be available for inspection, during normal office hours at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Windhoek.

Every person having any objection to the above proposal is hereby commanded to lodge his objection in writing with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Secretary for Transport, Private Bag 12005, Ausspannplatz 9000 within thirty days from the date of publication of this notification.

SCHEDULE I

PORTION OF ROAD TO BE DEVIATED

From a point (H on sketch-map P1089) on trunk road 15, section 1 on the farm Autabib Süd 100, generally south-westwards across the said farm to a point ($E_2$ on sketch-map P1089) on the common boundary of the said farm and farm Garib Ost 275; thence generally south-south-westwards across the farm Garib 275 to a point (E on sketch-map P1089) on the said farm (H-$E_2$-$E_1$- E on sketch-map P1089).

SCHEDULE II

COURSSE TO WHICH ROAD IS TO BE DEVIATED

From a point (H on sketch-map P1089) on trunk road 15, section 1 on Autabib Süd 100, generally south-south-westwards across the said farm to a point (G on sketch-map P1089) on the common boundary of the said farm and farm Garib Ost 275; thence still south-south-westwards across the farm Garib Ost 275 to a point (E on sketch-map P1089) on the said farm (Approximately) (H-G-F-E on sketch-map P1089).

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 129 1980

CLOSING OF A PORTION OF FARM ROAD 2308:
DISTRICT OF OMARURU

In terms of subsection (2) of section 22 of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) it is hereby made known that the Administrator-General has under subsection (1) of the said section 22 in the distric

generaal kragtens subartikel (1) van genoemde artikel 22 in die distrik Omaruru 'n gedeelte van plaaspad 2308 wat aangetoon word op sketskaart P984 gesluit het soos in die Bylae hieronder beskryf.

Genoemde sketskaart is gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

BYLAE

BESKRYWING VAN PAD

Die pad beskryf as plaaspad 2308 in Bylae II van Proklamasie 6 van 1963.

GEDEELTE GESLUIT

Van 'n punt (A op sketskaart P984) op grootpad 64 op die plaas Kohero 113 algemeen noordnoordooswaarts oor die plase Kohero 113 en Otjumue Süd 110 tot op 'n punt ($B_1$ op sketskaart P984) op die gemeenskaplike grens van die plase Otjumue Süd 110 en Otjumue 109 (A-B-$B_1$ op sketskaart P984).

Omaruru closed a portion of farm road 2308 which is indicated on sketch-map P984 as described in the Schedule hereunder.

The said sketch-map is lying open to inspection during normal office hours at the office of the Secretary of Transport, Windhoek.

SCHEDULE

DESCRIPTION OF ROAD

The road described as farm road 2308 in Schedule II of Proclamation 6 of 1963.

PORTION CLOSED

From a point (A on sketch-map P984) on main road 64 on the farm Kohero 113 generally north-northeastwards across the farm Kohero 113 and Otjumue Süd 110 to a point ($B_1$ on sketch-map P984) on the mutual boundary of the farms Otjumue Süd 110 and Otjumue 109 (A-B-$B_1$ on sketch-map P984).